Inleiding

Tydens Amos se leeftyd, ongeveer 750 v.c., ervaar die Israeliete oorvloedige welvaart veral in die Noorder-koninkryk, onder die heerskappy van koning Jerobeam II. Jerobeam was ‘n suksesvolle militêre leier wat grootskaalse uitbreiding van die koninkryk te weeg gebring het. Tesame met hierdie uitbreiding en die gepaardgaande rykdom het daar ook godsdienstige apatie saamgekom. Afgodsaanbidding vir die gode van Kanaän was toegelaat en het gelei tot die minagting van die armes onder die Israeliete. Mens ou kon sê die Gini-koëffisiënt is wat aan die styg na iets baie erkenbaar in ons Stellenbosse konteks.

Amos, ‘n vee- en vyeboomboer, van die Suide van Judea, kon hierdie minagting van die armes en die skyn godsdienstige uitlewing van veral die rykstes nie langer duld nie. Hy begin toe met ‘n profetiese boodskap waarin hy God se oordeelsdag aankondig op grond daarvan dat die Israeliete dit self aanbring. Hulle apatie teenoor die armes, hulle prioritisering van materiële dinge en die liefde vir die luukse lewe is die rede sowel as die katalisator, van Israel se ondergang. Ons lees in Amos 6:4-7 die volgende:

3 Julle maak of die dag van rampe ver is,
maar julle bring juis die dag nader dat geweld julle sal regeer.
4 Julle lê op julle beddens wat met ivoor ingelê is,
julle strek julle uit op julle rusbanke,
julle eet lammers uit die kleinveetrop
en kalwers uit die stal,
5 julle maak liedjies vir die harp,
julle dink hulle vir musiekinstrumente uit soos Dawid,
6 julle drink wyn uit offerkomme
en salf julle met uitsoekolie,
maar oor die vernietiging van Josef bekommer julle julle nie.
7 Daarom sal julle nou weggevoer word op die voorpunt van die ballinge.
Die tyd is verby dat julle uitgelate lê en feesvier.

Hierdie is nie ‘n vuur en swael boodskap wat sê “Draai in jou wee voor dit te laat is!” nie, maar eerder ‘n boodskap wat na ons dieper motiewe in ons geloofslewe

kom vra. Amos 6 kom vra vir ons dieselfde vraag vandag as destyds vir die leiers van Israel:

Wat prioritiseer ons in die lewe?

En meer as dit, het ons in ons welvaart nie dalk selfvoldaan geraak nie?
Want die prioritisering van die aardse dinge lei tot ‘n selfvoldaanheid wat ander mense begin minag.

Jesus se bediening en lering noem besonder sterk dat niemand twee base tegelyk voor kan werk nie. God en Mammon kan nie saam gedien word nie. Jesus kom maak dit baie duidelik dat ons nooit ons diepste vertroue in ons rykdom behoort te plaas nie. Lukas 12:34 vat dit in besonder goed vas: “Waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.”.

Vra Amos 6 dan vir ons om alles weg te gee en afstand van ons besittings te doen? Nie noodwendig nie. Dalk kan ons opnuut kyk na die verhaal van die vissies en die broodjies in Markus 6:35-44. Of dit nou gaan oor die fisiese vermeerdering van die kos, en óf dit nou gaan oor die mense wat hulle kos met mekaar gedeel het, lê daar tog ‘n sentrale boodskap wat ons moet hoor: Bring dit wat jy besit na Jesus toe en dit sal vermeerder, maar ten bate van die ander.

Die Here kom nooi ons in Amos 6 om opnuut te kyk na wat ons prioritiseer in hierdie lewe. Ons selfvoldaanheid lei tot ‘n eksistensiële self-isolasie van die wêreld en wat God vir ons beplan. Maar na afloop van die opstanding van Jesus Christus word ons in ‘n nuwe heerlikheid ingenooi. ‘n Nuwe verstaan oor die dinge wat ons besit en die plek daarvan. Amos 6 kom roep ons met harde woorde om dit wat ons besit eerstens by die voete van Jesus te kom neersit.

Vrae vir nadenke:

1. Wat ons prioritiseer in die lewe het ‘n formatiewe effek op wie ons is/raak. Wat is die groot ‘vormers’ in jou lewe?
2. Is ek tans besig om selfs die beste dele van my lewe ook aan God te wy?
3. Hoe lyk hierdie uitnodiging van Jesus in Markus 6:35-44 in ons Stellenbosse konteks? Hoe kan ons as lewende water reinig, lewe gee en oop bring vanuit Amos 6 se bewusmaking.